Kraam het begin om ongeveer agtuur die aand van 6 Mei en sy is om middernag in die kraaminrigting toegelaat. Aan die begin het die sametrekkings nie lank geduur nie en was nie besonder sterk nie. Baie kort na toelating is 'n rektale ondersoek gedoen en ontsluiting van net een vinger vasgestel. Die kind het in die R.O.L.-posisie gelê en die stand was 0. Die vliese was nie gebreek nie. Instruksies is gegee om haar noukeurig dop te hou weens die vorige keisersnee, en die kraam het heeltemal bevredigend gevorder tot ongeveer 2 vm. op 7 Mei. Op dié stadium het die suster gebel om te sê dat sy onrustig is omdat die fetale hart onverwags stadig geword het. Haar sametrekkings het kort voor hierdie tyd taamlik sterk geword en was baie pynlik, maar tussen die sametrekkings was daar goeie ontspanning van die uterus en die buik kon betas word sonder veel pyn vir die pasiënt. Haar pols was heeltemal normaal. Die teater is onmiddellik bespreek vir keisersnee en 100 mg. petidien en 1/75 gr. atropien is voorgeskryf. Voor dit egter gegee kon word, terwyl ek by haar staan, het sy met die volgende sametrekking 'n skree gegee omdat iets binne-in haar geskeur het en 'n massa het op die onderbuik uitgestaan. Die fetale hart het binne 2 minute verdwyn en buiten een of twee minder sterk sametrekkings van die uterus het die sametrekkings opgehou. Sy het 'n bietjie *per vaginam* gebloei en die pols het vinniger en swakker geword. Intraveneuse toediening van 5% dekstrose in soutoplossing is onmiddellik begin en bloed is vir haar bestel. By laparotomie was die kind nog in die heel vrugsak in die buikholte voor die uterus te vind en die plasenta was in die skeur van die litteken van die vorige keisersnee. Die hele wond het oopgeskeur, maar dit het dieper af gestrek aan die regterkant as aan die linkerkant. Daar was nie ernstige beskadiging van weefsel nie en aangesien ek daarvan bewus was dat die pasiënt baie angstig was om nog 'n kind te hê, het ek besluit om net die rante skoon te knip en die wond te heg. Twee pinte bloed is vir haar onder die operasie toegedien. Haar toestand by voltooiing van die operasie was heeltemal bevredigend. Ongelukkig is die kind nie geweeg nie, maar die indruk was beslis nie dat disproporsie in hierdie geval teenwoordig was nie. Die na-operatiewe verloop was heeltemal vlot. Die kwessie van verdere swangerskap is met die pasiënt bespreek en die risiko is baie duidelik aan haar gestel. Sy het egter besluit om daardie risiko te neem, en het in 1958 weer swanger geword. (Verwagte datum van bevalling, 3 November.) Haar swangerskap het heeltemal goed verloop, 'n elektiewe keisersnee is uitgevoer en 'n baba van ongeveer 6 pd. verlos. By hierdie operasie (uitgevoer deur 'n kollega van my aangesien sy nie in Pretoria kon kraam nie) was daar geen teken van die litteken van die vorige uterusruptuur te bespeur nie. Sy is tydens hierdie operasie ook gesteriliseer.

Geval 2

'n Bantoevrou is op 2 September 1957 toegelaat met die geskiedenis dat sy in 1951 'n keisersnee gehad het en in 1954 'n normale bevalling. Albei kinders was in goeie gesondheid. Die indikasie vir die vorige keisersnee was nie bekend nie. By toelating het sy die geskiedenis gegee dat die vliese reeds tevore gebreek het en by ondersoek was die ligging 'n R.O.A. met die kop beslis hoog. Die sametrekkings was nie besonder sterk nie en by vaginale ondersoek is vasgestel dat die os 2½ vinger ontsluit was. By hierdie ondersoek kon die promontorium van die sakrum gevoel word. Die pasiënt het daarna ongeveer 1½ uur lank taamlike sterk sametrekkings gekry, maar 3 uur na toelating was die fetale hart nie meer hoorbaar nie en die sametrekkings het opgehou. By betasting was die kop ingedaal maar by die gebied van die fundus was daar 'n abnormale uitbulting wat beskou is as die liggaam van die fetus. Met die diagnose van uterusruptuur is die buik oopgemaak en 'n subtotale histerektomie uitgevoer. Die vorige keisersnee was van 'n laer segment tipe en die wond was heeltemal oopgeskeur. Die skeur het afwaarts gestrek tot in die blaas. Die kop van die fetus was nog in die bekken vas toe die buik oopgemaak is. Die fetus was natuurlik dood. Die pasiënt het goed herstel.

Geval 3

Hierdie Bantoevrou is op 5 Augustus 1951 in kraam toegelaat as 'n para 4. Haar vorige obstetriese geskiedenis was soos volg:

1937 Normale bevalling. Kind na 18 dae dood.
1938 Keisersnee (? indikasie). Kind leef.
1941 Normale bevalling. Kind leef.
1946 Normale bevalling. Kind oorlede (20 maande).

Tydens die huidige swangerskap het sy geen voorgeboorte kliniek bygewoon nie en is in die afdeling toegelaat op die aand van 5 Augustus met die geskiedenis dat die kraam 'n dag en 'n half vantevore begin het. Haar vliese het 4 uur voor toelating gebreek. By toelating was sy in baring en in 'n geskokte toestand met 'n bloeddruk van 85/60 mm. Hg. en 'n polsspoed van 152 per minuut. Sy was anemies van voorkoms en het edeem van die vulva gehad. 'n Diagnose van uterusruptuur is gemaak en die pasiënt se toestand is deur middel van toediening van bloed en ander middels verbeter sodat 'n operasie uitgevoer kon word. Vier uur na toelating is sy in die teater onder narkose ondersoek en daar is bepaal dat die cervix vol ontsluit was met die baba in 'n stuitligging. Laparotomie is uitgevoer en 'n ruptuur van die ou keisersnee-litteken is gevind. Die kind was reeds dood en 'n subtotale histerektomie is uitgevoer. Na verdere bloedoortapping het die pasiënt bevredigend herstel buiten dat daar 'n mate van bekkenontsteking was wat na etlike dae gevolg het. Dit is ook met welslae behandel. Die gewig van hierdie kind was 7 pd. 4 oz. en by kliniese beraming by ondersoek onder narkose is die grootte van die bekken as redelik goed beskou.

Die voorkomssyfer van uterusruptuur na vorige klassieke

keisersnee is ongeveer 4%.[14, 24] Die voorkomssyfer van uterusruptuur na vorige laer segment keisersneë is in die omgewing van 0·65 tot 1·5%.[7,11,15-18] Die laaste syfer (1·5%) geld egter vir gevalle waar 4 of meer vorige keisersneë uitgevoer is en keisersnee dan herhaal is.[16] Bengtsson[6] beskryf 133 gevalle van vaginale verlossing na keisersnee waar geen uterusruptuur plaasgevind het nie.

Sover ek kon vasstel is daar geen syfers in verband met uterusruptuur spesifiek vir pasiënte wat 'n normale bevalling gehad het na 'n keisersnee en dan eers die ruptuur kry nie. Eastman[7] toon duidelik aan dat sulke gevalle wel voorkom, so ook die 3 gevalle wat ek beskryf het. Ons is dit dus heeltemal eens met sy woorde in hierdie verband: „I am certain that . . . optimism . . . in regard to the integrity of a section scar, just because the patient has had one or more intervening vaginal deliveries, is ill-founded."[7]

DIE HANTERING VAN 'N TWEEDE VERLOSSING NA KEISERSNEE

Die volgende punte is van belang by die hantering van 'n pasiënt wat 'n normale verlossing gehad het na 'n vorige keisersnee en dan weer 'n kraam tegemoet gaan.[8,10,11]

1. *Behandeling in 'n Inrigting*

Die pasiënt moet in 'n goed-toegeruste inrigting wees onder die sorg van 'n ervare verloskundige.

2. *Geskiedenis*

Die geskiedenis van alle vorige bevallings is belangrik by die oordeel aangaande die verloop van die kraam wat voorlê. Indien daar een of meer normale bevallings voor die uitvoering van die keisersnee was, sal dit gewoonlik beteken dat die pasiënt weer betreklik maklik behoort te kraam. Die vooruitsig is dus gunstiger as wat dit sou wees by die pasiënt wat geen vaginale verlossings voor haar keisersnee gehad het nie. Indien die pasiënt na haar keisersnee een of meer vaginale verlossings gehad het, is dit, soos ons nou net gesien het, tot 'n mate gerusstellend, maar 'n mens kan sekerlik nie geheel-en-al peil trek op die litteken ten spyte van die feit dat daar 'n normale vaginale verlossing tussenin was nie.

Wat betref die keisersnee self is dit van belang om te weet wat die indikasie vir die keisersnee was. Dit is vanselfsprekend dat die indikasie van 'n verbygaande aard moes gewees het omdat dit onder geen omstandighede gewaag kan word om 'n vaginale verlossing toe te laat wanneer daar byvoorbeeld uitgesproke disproporsie tevore teenwoordig was nie. Die tipe keisersnee wat uitgevoer is, is ook van belang. Die syfers wat reeds aangegee is, toon duidelik dat daar meer risiko vir uterusruptuur is wanneer 'n klassieke keisersnee uitgevoer is as in die geval van 'n snit van die laer segment. Daar is nogtans mense wat beweer dat toe Holland sy ondersoek ingestel het, daar nie antibiotika en die ander middels van behandeling was wat ons nou het nie, en dat hedendaagse syfers vir 'n ruptuur van 'n keisersnee-litteken laer is as in die dae van Holland. Die syfers wat genoem is, dui egter op 'n sterker litteken in die geval van 'n snit van die laer segment. Wat betref die sterkte van die twee tipes snit van die laer segment is daar nog nie enige deurslaggewende syfers gepubliseer nie. Die dwarssnit in die laer segment (Kerr) is 'n goed-beproefde snit en voorkeur word so dikwels hieraan gegee dat daar nie enige gepubliseerde reekse in verband met uterusruptuur na 'n lengtesnit in die laer segment (Krönig) is nie. Die gedagte is egter dat die lengtesnit in die laer segment beslis beter is as die klassieke snit.

Die laaste punt wat betref die vorige keisersnee is die aard van die puerperium. Indien daar uitgesproke sepsis teenwoordig was in die gebied van die uteruslitteken na die vorige keisersnee, moet daardie litteken in 'n sterk verdagte lig beskou word. Indien daar geen puerperale morbiditeit teenwoordig was nie, kan 'n mens met meer vertroue die volgende kraam tegemoetgaan.

3. *Die Cervix*

Ondersoek van die pasiënt aan die begin van kraam om die toestand van die cervix te bepaal is belangrik. Indien die cervix op daardie stadium mooi opgeneem is en reeds 'n paar vingers ontsluit is, is die vooruitsig vir die verloop van die kraam beter as wanneer die cervix dik en hard en nog lank is. Weer is dit net 'n algemene indruk in verband met die vooruitsig van die kraam, en kan 'n mens nie verseker wees dat met 'n gunstige cervix daar geen ruptuur van die vorige litteken sal plaasvind nie.

4. *Die Fetus*

Die grootte van die fetus is van belang in verband met die vooruitsig van die kraam. Die vorige geskiedenis van die grootte van die babas wat gebore is, sowel by die keisersnee as by die vaginale verlossings, moet verkry word. Hierdie feite asook die feit of hulle voltydse of vroeggebore kinders was, moet in ag geneem word in verband met die vooruitsig van die volgende verlossing. Ook moet 'n beraming gemaak word van die grootte van die fetus in die uterus, alhoewel dit baie moeilik is om 'n enigsins betroubare mening in die verband te vorm. Klem moet gelê word op die ondervinding by die Bantoe dat ons van tyd tot tyd by die multipara 'n keisersnee moet doen vir uitgesproke disproporsie. Dit is bekend dat die baba met agtereenvolgende bevallings groter word. Hierdie feit moet in gedagte gehou word in verband met die vooruitsig van 'n vaginale verlossing na 'n vorige keisersnee. Ander punte van belang in verband met die fetus is die ligging, die stand van die kop aan die begin van kraam, of die fetus lewe of dood is, en of daar enige fetale nood teenwoordig is.

5. *Die Litteken*

Die vraag of die litteken gaan hou of nie is heeltemal onvoorspelbaar. Soos aangedui in die punte wat nou net bespreek is, kan 'n mens nie in enige opsig seker wees dat omdat die tekens in 'n bepaalde geval gunstig is, daardie litteken sal hou nie. Een punt wat nie tevore bespreek is nie, is die feit dat by 'n vorige klassieke keisersnee daar 'n groter kans is dat 'n volledige ruptuur van die litteken met uitdrywing van die kind in die buikholte sal plaasvind, in teenstelling met die ondervinding by die laersegment-litteken dat 'n onvolledige ruptuur dikwels plaasvind en dat die fetus nie altyd deur die ruptuur in die buikholte uitgedryf word nie. Om die rede is daar by ruptuur van die laer segment 'n groter kans dat 'n lewende baba gekry kan word selfs na die wond padgee. 'n Ander aspek in verband met die litteken wat interessant is, is dat indien dit gaan ruptuur dit nie noodwendig sal uithou tot in kraam nie. Dit gebeur selde dat 'n litteken van die laer segment voor kraam padgee, maar dit kan definitief gebeur. Hierdie punt word as 'n argument aangevoer ten gunste van elektiewe keisersnee ongeveer 2 weke voor voltyd by alle pasiënte wat 'n vorige keisersnee gehad het. Ons stem nie met hierdie sienswyse saam nie, maar die argument is wel geldig.

Laastens is daar die vraag oor hoe dikwels daar 'n waarskuwing is van dreigende uterusruptuur voor die litteken padgee. Dit is verbasend hoeveel gevalle van uterusruptuur plaasvind sonder dat daar 'n uitgesproke waarskuwing is van 'n dreigende uterusruptuur—in ten minste 40% van gevalle is dit die geval.[19] Daar is selfs in sommige gevalle weinige tekens na die ruptuur plaasgevind het. Dit geld gewoonlik vir 'n gedeeltelike ruptuur van 'n litteken van die laer segment. Die aard van sametrekkings en die duur van kraam sal noodwendig 'n invloed hê op die vraag hoe lank die litteken in kraam sal kan hou voor dit skeur.

6. *Die Statistieke*

Die besluit on 'n vaginale verlossing toe te laat of om 'n keisersnee te doen, moet geneem word in die lig van die volgende oorwegings:

(*a*) Ruptuur van die litteken vind net in ongeveer 1% van gevalle plaas wat 'n vorige laersegment keisersnee gehad het.

(*b*) Met die uitsondering van sekere uitstaande reekse[25,26] is die perinatale sterftesyfer vir keisersnee-babas meer as 1% hoër as by normale verlossing *per vaginam*, selfs by elektiewe keisersnee.[27,28]

Solank hierdie syfers geldig bly, is dit dus nie geregverdig om in gevalle wat 'n vorige laersegment keisersnee gehad het, gevolg deur normale kraam, roetinegewys 'n elektiewe keisersnee te doen nie.

(*c*) Die syfer van 4% vir ruptuur na die klassieke tipe keisersnee sou wel 'n roetine elektiewe keisersnee daarna regverdig, maar dit is juis in hierdie gevalle dat die ruptuur dikwels heelwat voor die aanvang van baring plaasvind.

SWANGERSKAP NA UTERUSRUPTUUR

Na aanleiding van die eerste geval wat ek beskryf het, het ek hierdie saak nagegaan. Daar word in die literatuur baie min melding van swangerskap na uterusruptuur gemaak en net 4 gevalle is in die huidige reeks artikels gevind. Die eerste geval van Pettit[20] het 'n klassieke keisersnee gehad, daarna 'n uterusruptuur waarby haar toestand bedenklik was, maar sy het herstel, weer swanger geword en weer 'n gedeeltelike uterusruptuur gehad. Die baba is egter gelukkig gered en sy het goed herstel.

Die tweede geval word deur Lyon[21] beskryf en toon ooreenstemming met die benarde soort obstetrie wat ons dikwels ook onder die Bantoe moet uitvoer. Lyon se pasiënt het 'n uitgesproke vernoude bekken gehad en haar eerste 2 swangerskappe het op vernietigende operasies na die dood van die fetus uitgeloop. By haar derde kraam is sy in 'n geskokte toestand toegelaat nadat pogings tot verlossing buite die hospitaal gemaak is. Daar was 'n skeur van die perineum, die linkerkant van die vagina, die cervix en tot in die breë ligament, maar nie deur die peritoneum nie. Die kind is weer deur 'n vernietigende operasie verwyder. By haar volgende kraam het sy agt uur na die begin van baring na die hospitaal gekom met 'n uterusruptuur aan die linkerkant van die laer segment. Die kind is gelukkig lewendig uitgehaal deur 'n klassieke keisersnee en 'n subtotale histerektomie is uitgevoer.

Dewhurst en Rowley[22] beskryf 'n geval wat haar eerste kind verloor het met 'n tangverlossing, die tweede bevalling was normaal, 'n keisersnee is gedoen by die derde, daar was 'n ruptuur van 2½ duim breedte aan die linkerkant van die vorige keisersnee-litteken by haar vierde (kind lewendig), en na herstel van hierdie gedeeltelike ruptuur het sy weer swanger geword en 'n elektiewe keisersnee ondergaan gevolg deur sterilisasie.

Eastman[23] noem 'n geval van dr. W. Drummond Eaton wat met haar eerste kind 'n laer segment keisersnee gehad het, 'n uterusruptuur deur die litteken by haar tweede bevalling, maar sy het daarna weer swanger geword en 'n elektiewe keisersnee deurgemaak, met 'n lewende baba. Met reg was die kommentaar hierop: „It requires quite a little fortitude to pursue this course, but information of this subject is so meager at present that there is no way of saying just how much hazard is involved.' Dit wil voorkom dat, indien die ruptuur van 'n keisersnee-litteken nie volledig is nie, of as die rante na volledige ruptuur mooi skoon is en die hegting goed, die risiko van 'n redelike aard is en die kanse op uterusruptuur na dié tyd nie veel groter as by 'n gewone herhaal-keisersnee nie.

SUMMARY

The occurrence of one or more vaginal deliveries after previous Caesarean section does not mean that the danger of rupture of the scar can be excluded in subsequent pregnancy or labour. The scar of a previous lower-segment operation is less likely to rupture than that of a previous classical section.

Three cases of uterine rupture are described in which the patients had had normal confinements following previous Caesarean sections, two of which were of the lower-segment type.

The management of a second delivery following Caesarean section is discussed.

Finally, pregnancy following uterine rupture is discussed in view of the fact that the first case described had a subsequent successful pregnancy, terminated by elective Caesarian section and sterilization.

VERWYSINGS

1. Johnson, R. A. en Morgan, J. R. (1957): Sth. Med. J. (Bgham, Ala), **50**, 764.
2. Lawrence, R. F. (1950): J. Obstet. Gynaec. Brit. Emp., **57**, 183.
3. King, E. B. (1949): Calif. Med., **71**, 106.
4. Schroll, J. C. en Calkins, L. A. (1954): J. Kans Med. Soc., **55**, 131.
5. Rubin, H. W., Burke, L. en Rosenfield, H. H. (1953): New Engl. J. Med., **249**, 719.
6. Bengtsson, L. P. (1954): Acta obstet. gynec. scand., **33**, 318.
7. Eastman, N. J. (1951): Obstet. Gynec. Surv., **6**, 694.
8. Cosgrove, R. A. (1950): Bull. Margaret Hague Matern. Hosp., **3**, 14.
9. Idem (1954): J. Amer. Med. Assoc., **145**, 884.
10. Schmitz, H. E. en Gajewski, C. G. (1951): Amer. J. Obstet. Gynec., **61**, 1235.
11. Nattrass, J. (1953): Med. J. Aust., **2**, 329.
12. Jackson, I. in Holland, E. en Bourne, A. (1955): *British Obstetric and Gynaecological Practice*, 1e druk, deel Obstetrics, p. 800. Londen: Heinemann.
13. Marshall, C. M. in Holland, E. en Bourne, A. (1955): *Ibid.*, p. 992.
14. Holland, E. (1920): Lancet, **2**, 59.
15. McNally, H. B. en Fitzpatrick, V. de P. (1956): J. Amer. Med. Assoc., **160**, 1005.
16. Eastman, N. J. (1956): Obstet. Gynec. Surv., **11**, 521.
17. Lawrence, R. F. (1949): J. Obstet. Gynaec. Brit. Emp., **56**, 1024.
18. Browne, O'D. (1951): *Ibid.*, **58**, 555.
19. Bak, T. F. en Hayden, G. E. (1955): Amer. J. Obstet. Gynec., **70**, 961.
20. Pettit, R. D. (1943): *Ibid.*, **45**, 334.
21. Lyon, M. J. (1950): Brit. Med. J., **2**, 1491.
22. Dewhurst, C. G. en Rowley, H. A. (1951): J. Obstet. Gynaec. Brit. Emp., **58**, 630.
23. Eastman, N. J. (1952): Obstet. Gynec. Surv., **7**, 194.
24. Van die Redaksie (1958): S. Afr. T. Geneesk., **32**, 820.
25. Eastman, N. J. (1957): Obstet. Gynec. Surv., **12**, 672.
26. King, J. A., King, E. L. en Pitt, M. B. (1953): Sth. Med. J. (Bgham, Ala), **46**, 491.
27. Kjessler, A. (1955): Acta obstet. gynec. scand., **34** (Suppl. 1), 9.
28. Caruso, L. J. (1955): N.Y. J. Med., **55**, 815.

CERTAIN ASPECTS IN THE APPROACH TO HYPERTENSION IN PREGNANCY*

N. S. LOUW, M.B., CH.B., M.MED. (O.&G.), *Registrar, Department of Obstetrics and Gynaecology, University of Cape Town and Cape Provincial Administration.*

Platt[1] stated: 'Hypertension is something like obesity, something in which there are no limits, and where you cannot point to people and say, these are normal and those are abnormal.' For the obstetrician a clear concept of what is to be considered as normal blood pressure in pregnancy is imperative because of the dangers that even minimal abnormalities may entail for the mother and her baby. Is the generally recognized upper limit of 140/90 mm. Hg on 2 or more occasions acceptable to us as the level whereby all patients can be assessed to be hypertensive or not? Can we, with only this as basis, predict whether the complications of hypertension in pregnancy will ensue or not? If not, then the approach to this, the most acute problem in modern obstetrics, will have to be reconsidered. There are many authorities who for a long time have doubted whether blood pressure readings lower than 140/90 mm. Hg ought not to be regarded as significant of hypertension. For 30 years F. J. Browne[2, 3] has taught that any elevation of the blood pressure above 120 mm. Hg systolic and/or 80 mm. Hg diastolic should be regarded as suspicious, and transient rises in the systolic, diastolic or both readings, even in response to excitement, should be regarded as significant. These patients he classified as the 'labile' blood-pressure group. Morris and McClure Browne[4] consider these 'no-man's-land' cases as the troublesome and unpredictable ones; they found that 39% of them ultimately develop pre-eclamptic toxaemia.

The evaluation of hypertension in a pregnant patient may be of great importance since treatment hinges upon the assessment. There are many factors that may influence blood-pressure readings. The importance to be attached to them varies considerably; it often seems to be clouded by personal bias. The reasons for this unsatisfactory state of affairs may be briefly enumerated as follows:

1. *The duration of pregnancy.* Reid and Teel[5] and Chesley and Annitto[6] showed that the majority of hypertensives, like normotensives, have a drop in blood pressure at mid-pregnancy. Difficulty may be encountered when a patient is seen for the first time in the middle trimester of pregnancy. She may present with a normal blood pressure, whereas this mid-pregnancy drop may be masking a higher blood-pressure level.

2. *Individual variability* from day to day and hour to hour, and in response to excitement. This must influence a number of blood-pressure readings, perhaps especially in pregnant women.

3. *The range in the circumference of the arm.* This may be as great as 15–50 cm., caused either by fat or oedema. Fraser Roberts[7] found a rise in blood-pressure readings of 5 mm.

* Paper presented at the Eighth Interim Congress of the South African Society of Obstetricians and Gynaecologists (M.A.S.A.), Bloemfontein, 2–5 March 1959.



Fig. 1. Between the 28th and the 32nd weeks this patient's blood pressure was completely normal. The ultimate development of hypertension+proteinuria and oedema could only have been expected if the hypertensive blood pressure reading at the 20th week was known.

Fig. 2. Although this patient's blood pressure readings stayed within the recognized normal limits of 140/90 mm. Hg, she developed eclampsia while in bed and well sedated.



Fig. 3. The sudden rise in blood pressure from 95/55 mm. Hg at 37 weeks to 125/90 at 38 weeks should have been the warning sign, especially as it was associated with a marked increase in weight. At the 39th week she was truly hypertensive and was admitted with a mixed type of accidental haemorrhage.

Hg systolic and 3 mm. Hg diastolic per 4 cm. increase in arm circumference.

4. *The taking and interpreting of the blood pressure* may vary in different observers. The diastolic pressure may be recorded as the reading at which there is a change in the sounds, or when the sounds disappear. This readily accounts for a difference of 5–10 mm. Hg or more.

5. *A low blood pressure at the beginning of pregnancy.* What is the significance of a rise of the blood pressure during pregnancy from an initially normal or low reading to one still within the recognized upper limit of 140/90 mm. Hg? Should a pregnant woman who at the beginning of pregnancy has a blood pressure of 110/60 mm. Hg and at 38 weeks one of 135/85 not be considered as much hypertensive as the patient who has a blood pressure rise from 125/75 to 150/100? In each case the rise is 25 mm. systolic and 25 mm. diastolic. One is tempted to regard the findings in the first group as significant, for experience shows that many patients in this group will probably develop severe complications of hypertension, especially when the rise is a rapid one. It is sometimes associated with other signs of toxaemia such as oedema or proteinuria.

6. Difficulty is experienced in pinning a diagnostic label to the patient who has a blood pressure of 135/80 mm. Hg, with or without oedema, and no proteinuria or only a trace, who after 6–12 hours of labour shows a rise in blood pressure to 160/110 mm. Hg and an increase in proteinuria. When did she become hypertensive?

The obvious conclusion is that there is no blood-pressure level at which all patients can be diagnosed as being hypertensive. No sure prediction can be made whether a patient will be prone to the complications of hypertension. Each case, therefore, must be assessed on its own merits. The significance attached to variations must be determined by associated findings, viz.: (1) age and parity, (2) history of previous hypertensive episodes, (3) the rise in blood pressure and the rapidity with which it occurred, from the pre-pregnancy or early pregnancy state, and (4) the presence of associated signs of oedema and/or proteinuria.



Fig. 4. The day before admission, this patient's blood pressure was 135/85 mm. Hg with slight oedema present. Not only in labour did her blood pressure rise to 170/120 but in the puerperium she stayed hypertensive and had to be sedated heavily.

USE OF HYPOTENSIVE DRUGS

An analysis of what happened to the hypertensives (the standard of hypertension being a blood pressure of 140/90 mm. Hg or more) in our unit during the years 1957 and 1958 is shown in Table I. These figures emphasize that hypertension and its associated complications constitute the major problems in modern obstetrics.

TABLE I. HYPERTENSIVES ADMITTED IN 1957 AND 1958

Number of patients admitted	14,834
Incidence of hypertension	11·2%
Incidence of eclampsia in hypertensives	4·1%
Incidence of accidental haemorrhage in hypertensives	8%
Foetal loss in hypertensives (with and without proteinuria)	12·4%

Of the maternal deaths 46·6% were due to hypertensive (+ proteinuria) complications.

In view of these facts and the acute shortage of antenatal beds, a new approach to the management of hypertensives was (and still is) being tried in our unit, viz. the use of certain hypotensive drugs. The aims are obvious:

1. To treat as many of these patients as out-patients as is possible. Not only would this ease the antenatal bed position but would relieve the domestic, social and economic problems of the patient, brought about by long sojourn in hospital.

2. To prevent the development of proteinuria and oedema.

3. Should oedema or proteinuria have developed, it was hoped to reverse the condition or at least to tide the patient over to possible viability of the foetus; that is to say, to obviate prematurity with its high foetal mortality.

The drugs used were mevasine in combination with chlotride, and serpasil in a few cases. The routine followed was as follows:

1. An assessment was made whether the patient was suitable for treatment. Advanced retinopathy, severe albuminuria and cardiac failure (associated with hypertension) were regarded as contra-indications for continuation of pregnancy.

2. In the cases regarded as suitable for treatment, the minimum dose of 2·5 mg. of mevasine t.d.s. and 1,000 mg. of chlotride on alternate days was given to the patient, either in hospital or as an out-patient, according to the severity of the hypertension and the presence of associated toxaemic signs. The dose of mevasine was gradually increased if necessary, but the maximum of 10 mg. t.d.s. was never exceeded. If the blood pressure was still not controlled, serpasil was added to the treatment, either parentally (1 mg. every 3–4 hours) or orally (0·25 mg. 3 or 4 times a day). No response to treatment was taken as an indication for termination of the pregnancy.

3. If at all possible, mevasine treatment was stopped 3–4 days before any contemplated operative procedures, in view of the dangers of paralytic ileus in the mother or child.

4. During mevasine treatment, laxatives were given regu-

larly because of the severe constipation that is often found in association with the administration of this drug.

The results of this treatment in 169 cases are shown in Tables II, III and IV, with comments. Figs. 5 and 6 show the response of two of the patients treated.

TABLE II. TREATED HYPERTENSIVES: BEFORE 28 WEEKS

	Severer Group 160/100+		*Mild and Moderate Group*	
No. of patients	25		40	
Maternal mortality	0		0	
Foetal loss: Abortions	4		1	
Hysterotomies	2	= 38·5%	0	= 7·5%
Stillbirths	2		0	
Neonatal deaths	2		2	
No. of eclamptics	0		0	
No. of accidental haemorrhages	2	= 8%	0	
No. who developed proteinuria	6	= 24%	5	= 12·5%
Average weight of babies	5 lb. 6 oz.		7 lb. 4 oz.	
Average stay in hospital	19½ days		8½ days	

(*a*) The foetal loss of 38·5% is still very high in the severe hypertensives, although it should be noted that most of these patients were originally referred for termination of pregnancy. That of 7·5% in the mild and moderately severe hypertensives compares favourably with results claimed by workers like Taylor, Tillman and Blanchard.[9]

(*b*) Proteinuria developed in twice as many cases in the severer hypertensives as in the mild and moderate ones.

(*c*) The average weight of the babies in the severer group is much less than in the mild and moderate group despite the fact that the average stay in hospital is twice as long in the former.

(*d*) The incidence of accidental haemorrhage (8% in the severer group) is not decreased by hypotensive drug therapy.

TABLE III. TREATED HYPERTENSIVES: AFTER 28 WEEKS

	Hypertensive only	*Hypertension + Proteinuria*
No. of patients	22	52
Maternal mortality	0	1 = 1·9%
Foetal loss: Stillbirths	0	4 = 11·5%
Neonatal deaths	0	2
No. of eclamptics	0	1 = 1·9%
No. of accidental haemorrhages	0	4 = 7·6%
Average weight of babies	7 lb. 2 oz.	7 lb.
Average stay in hospital	6 days	13 days

(*a*) It is obvious that the uncomplicated hypertension in pregnancy offers no great hazards to mother and child, but once proteinuria develops the outlook for both deteriorates.

(b) Again the incidence of accidental haemorrhage is 7·5%.

TABLE IV. TREATED 'NO-MAN'S-LAND' CASES ('LABILE' BLOOD-PRESSURE GROUP)

No. of patients	30
No. who developed hypertension	2 = 6·6%
No. who developed hypertension + proteinuria	3 = 10%
Maternal mortality	0
Foetal mortality	0
Average weight of babies	7 lb. 12 oz.
Average stay in hospital	6½ days

This series of cases is too small for any conclusions to be drawn from it, but it is perhaps with timely treatment in this group that the real value of hypotensive and diuretic treatment will be found. Further statistics will be published later.

PROGNOSIS

An important aspect to be considered is the prognosis of patients with hypertension in whom pregnancy has been allowed to continue. Our own hypertensive follow-up clinic was only started 1½ years ago and no analysis can as yet be made. Gladys Dodds[10] followed up hypertensives in subsequent pregnancies and came to the following conclusions:

(*a*) In patients who were over 30 years of age when the hypertension in pregnancy first manifested itself, an exacerbation of the hypertension in subsequent pregnancies was more likely to occur, proteinuria developed more frequently, and the foetal loss was increased.



Fig. 5. This patient had a hysterotomy performed for hypertension in 1955 and a therapeutic abortion in 1957. As a known hypertensive she was referred to the gynaecological outpatients department in 1958 for termination of pregnancy and sterilization. After an initial admission to hospital for 5 days so that she could be fully investigated and treatment commenced, she was treated as an out-patient until she was admitted for Caesarean section. The weight of her baby was 5 lb. 13 oz. Both mother and baby were discharged fit after 10 days in hospital. At a subsequent visit at the hypertensive follow-up clinic her blood-pressure reading was 180/110 mm. Hg. She had been off treatment since the birth of her baby.

(*b*) Marked increase in the hypertension *did not* occur within the first 5 years. The hypertensive should therefore have her next baby as soon as possible.

(*c*) The higher the initial blood pressure with the previous pregnancy, the greater the risk of exacerbation of the hypertension and the development of proteinuria.

For the remote prognosis, it is best to refer to the results of the following workers:

1. F. J. Browne,[11] who stated that:

(*a*) 20–50% of hypertensives during pregnancy will develop chronic hypertension, depending upon whether the normal blood-pressure reading is taken to be 140/90 or 120/80 mm. Hg, whether there is a family history of hypertension, and the length of time that the hypertension lasted before delivery of the baby.

(*b*) Pre-eclamptic toxaemia will supervene in 20% of hypertensives.

(*c*) Chronic nephritis, if it ever occurs, must be an exceedingly rare sequel of pre-eclamptic toxaemia.

2. Poul Bechgaard, Andreassen and Hertel,[12] who, in following up 383 hypertensives for a 10–20 year period, found that:

(*a*) 57% of hypertensives during pregnancy were severely



Fig. 6. This patient was a known hypertensive for years and was under constant treatment. She had no live children, despite this being her 3rd pregnancy. Her first pregnancy was of twins. Both children died neonatally as prematures, labour having been brought on for hypertension and proteinuria. In this last pregnancy her first admission to hospital was necessitated by the rise in blood pressure and the presence of oedema. The second admission was for the necessary rest when a twin pregnancy was diagnosed. At 38 weeks a Caesarean section was performed. Both babies were alive and were discharged after a 3 weeks' stay in hospital. The mother made an uneventful recovery. At a subsequent visit at the hypertensive follow-up clinic her blood-pressure reading was 190/115 mm. Hg. She had been off treatment since the birth of her babies.

hypertensive after the age of 45 years. In a control series of normotensives 21% became severely hypertensive. Before 45 years only 18% were severely hypertensive.

(*b*) Cardiovascular disease developed in 27% of hypertensives, renal disease in 2%.

(*c*) The mortality amongst those who were hypertensives because of pre-eclamptic toxaemia was much higher than amongst the essential hypertensives. The general health of the former was also much poorer.

CONCLUSIONS

1. The assessment of a pregnant patient for the condition of hypertension cannot be based on a blood-pressure level of 140/90 mm. Hg alone, but should be governed by many other factors.

2. Hypotensive drug therapy has a practical value in the treatment of hypertension in pregnancy. These patients can be treated as out-patients, with only the minimal stay in hospital. It also offers hope to some of the unfortunate women with severe hypertension and no live children.

3. The pregnancy associated with uncomplicated hypertension of the mild and moderately severe types does not constitute a severe obstetrical hazard. Even the more severe hypertensives can be controlled well enough not to endanger the life of the mother unduly, although the foetal loss is very high and the incidence of accidental haemorrhage is still about 8%.

4. Once proteinuria is superimposed, the mother's life is more endangered and the outlook for the baby deteriorates.

SAMEVATTING

Die begrip van wat met hipertensie gedurende swangerskap bedoel word is deeglik bespreek, en daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die algemeen aanvaarde bloeddruklesing van 140/90 mm. Hg as basis om hipertensie te diagnoseer nie voldoende is nie. Ander faktore moet ook in ag geneem word.

Die waarde van hipotensiewe behandeling met mevasine, chlotride en serpasil in 169 gevalle is nagegaan, en die resultate behaal, uiteengesit.

I wish to express my thanks to Professor James T. Louw, Head of the Department of Obstetrics and Gynaecology, University of Cape Town, for his constant encouragement and helpful criticism, and the Superintendents of the hospitals concerned for permitting the analysis of these cases.

Spesiale dank aan my mede-kollegas vir die verwysing van sommige gevalle, asook die verplegende staf vir samewerking en troue versorging van hierdie pasiënte.

REFERENCES

1. Morris, N. F. and McClure Browne, J. C. (1958): *Non-toxaemic Hypertension in Pregnancy*, p. 30. London: Churchill.
2. Browne, F. J. (1935): *Antenatal and Postnatal Care*, 1st ed., p. 253. London: Churchill.
3. *Idem* (1947): Brit. Med. J., **2**, 283.
4. Morris, N. F. and McClure Browne, J. C.: *Op cit*[1]., p. 77.
5. Reid, D. E. and Teel, H. M. (1938): Amer. J. Obstet. Gynec., **35**, 305.
6. Chesley, L. C. and Annitto, J. E. (1947): *Ibid.*, **53**, 851.
7. Morris, N. F. and McClure Browne, J. C.: *Op. cit*[1]., p. 10.
8. *Idem: Op. cit*[1]., p. 161.
9. Taylor, H. C., Tillman, A. J. B. and Blanchard, J. (1954): Obstet. and Gynec., **3**, 225.
10. Morris, N. F. and McClure Browne, J. C.: *Op. cit*[1]., p. 200.
11. *Idem: Op. cit.*[1], p. 190.
12. *Idem: Op. cit*[1]., p. 192.

DIE ESTROGEEN PRODUSERENDE TESTES SINDROOM*

M. M. DE LA HARPE, M.B., CH.B. (PRET.), M.MED. (O. ET G.)

Kliniese Assistent, Departement Vrouesiektes en Verloskunde, Universiteit van Pretoria

Die normale geslagsontwikkeling van die indiwidu tot man of vrou word bepaal deur (*a*) genetiese aanleg, (*b*) gonadale struktuur, (*c*) hormonale patroon, (*d*) primêre en sekondêre geslagsorgane en kenmerke, en (*e*) psigiese patroon. Hierdie ontwikkeling kan op verskillende maniere afwyk van die normale patroon en lei tot intersekse wat in die volgende vorms kan voorkom:

1. Ware interseks.

2. (*a*) Vroulike interseks met aangebore hiperplasie van die bynier. (*b*) Vroulike interseks sonder hiperplasie van die bynier.

3. (*a*) Manlike interseks met manlike of onsekere uitwendige geslagsapparaat. (*b*) Manlike interseks met vroulike

* Lesing gelewer tydens die Agste Tussentydse Kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Verloskundiges en Ginekoloë (M.V.S.A.), Bloemfontein, 2–5 Maart 1959.

uitwendige geslagsapparaat: (i) Die estrogeen produserende testes sindroom, en (ii) gonadale disgenese.

DIE ESTROGEEN PRODUSERENDE TESTES SINDROOM

Hierdie sindroom, wat ook bekend is as testikulêre tubulêre adenoom, testikulêre vervrouliking, Goldberg-Maxwell-sindroom, of, meer omskrywend, as die sindroom van testikulêre vervrouliking in manlike intersekse, kom waarskynlik meer dikwels voor as wat uit die literatuur blyk.

In 1953 kon Morris[1] slegs 82 verwysings na tipiese gevalle in die literatuur vind, waarby hy 2 van sy eie gevalle gevoeg het. In die Duitse literatuur is hierdie toestand egter meer algemeen beskryf en Prader[2] rapporteer 4 persoonlike gevalle en 2 ander wat binne 3 jaar in Zürich gediagnoseer is. Hy verwys ook na Wiedeman in Duitsland na wie in een jaar 15 gevalle verwys is vir chromatiengeslagsbepaling. Neem 'n mens verder in ag dat 10% van liesbreuke by kinders in dogters voorkom, is dit feitlik seker dat baie gevalle van die sindroom hier gevind sal word as roetine biopsies geneem word by breuk-hersteloperasies.

Nege gevalle[3-11] is beskryf in die Engelstalige literatuur na die publikasie van Morris[1] in 1953. In Pretoria is 2 tipiese gevalle in die afgelope 3 jaar gediagnoseer.

Die estrogeen produserende testes sindroom presenteer in skynbaar normale vroue met 'n manlike chromatienstruktuur, geheel of gedeeltelik onafgedaalde testes in die plek van ovaria, en geen uterus nie. 'n Duidelike erflike verband dui op 'n genetiese basis vir die wanontwikkeling.

Patogenese

Die voor die hand liggende patogenese is dat die testes die ontwikkeling van die Müllerse buise verhoed of teenhou by die stadium van geslagsdifferensiasie van die 7e tot die 9e week (17-33 mm. embrio). Hierdie potensialiteit van die testes is reeds in 1947 deur Jost bewys, maar of dit geskied by wyse van hormoonwerking of deur 'n ander onbekende organiseerder wat afgeskei word deur die testes, is nie bekend nie.

Dat die 9e week die keerpunt (*Drehpunkt*) is waar interseksuele ontwikkeling begin, blyk uit die ongeremde ontwikkeling van die vroulike uitwendige geslagsapparaat na hierdie tydstip. Verder besit hierdie testes nie spermatogonia nie, terwyl hierdie selle reeds by die normale embrio van 31 mm.[12] aangetref word.

Die opheffing van testikulêre vermanliking na die keerpunt kan te wyte wees aan 'n primêre testikulêre endokrienafwyking of 'n gebrekkige reaktiwiteit van die eind-orgaan. Die oorerflikheid van hierdie toestand dui op 'n genetiese faktor en die feit dat dit bewys is dat hierdie testes estrogeen of estrogene stowwe produseer, bevestig die hipotese dat 'n testikulêre afwyking die oorsprong van die toestand is. By die puberteit ontwikkel dan ook, i.p.v. manlike sekondêre geslagskenmerke, feitlik normale mammae en behalwe vir haar amenoree is die persoon 'n normale volwasse vrou.

Die chromatienpatroon is altyd manlik.

Simptomatologie

Goldberg en Maxwell[12] was die eerste om hierdie sindroom as 'n manlike interseks met volkome vervrouliking uit te ken. Die eerste geval wat beskryf is, is egter waarskynlik dié van Steglehner in 1817.[13]

Die uitstaande kenmerke van die sindroom, soos deur vorige werkers beskryf, word goed weerspieël in die gevalle van die 2 jong Bantoevroue wat hier beskryf word:

1. *Vroulike habitus* (Afb. 1). Albei pasiënte het innemende vroulike geaardhede getoon, hulle libido was heteroseksueel en daar was geen homoseksuele neigings by enige van die pasiënte nie. Die een Bantoevrou was getroud en die ander een gaan trou by haar ontslag uit die hospitaal. Tipiese ginekoïde bekkens het 'n lae voorkoms by Bantoes, en geen geslagsdifferensiasie van die bekkenvorms van die 2 pasiënte kon afgelei word nie. By hierdie gevalle was geen eunugoïde ontwikkeling te bespeur soos soms beskryf word in die sindroom nie.

Afb. 1. Pasiënt met testikulêre vervrouliking. Geringe pubiese beharing en geen okselbeharing nie. Normale borste, hipertrofiese klitoris en 'n inguinale regter-testis.

2. *Vroulike mammae* (Afb. 1). Normale vroulike borste was aanwesig en goed ontwikkel. Die tepels was klein by albei pasiënte.

3. *Beharing van die pubis en oksel* het in albei gevalle ontbreek en slegs die een pasiënt het geringe pubiese beharing getoon. In albei gevalle was die haarstruktuur fyn en sag met vroulike distribusie van die beharing van die kop.

4. *Vroulike uitwendige geslagsorgane.* Geringe vergroting van die klitoris was aanwesig by die een pasiënt (Afb. 2). Hierdie bevinding is in teenstelling tot die meeste gepubliseerde gevalle waar die klitoris as klein of normaal gerapporteer is. Die labia by albei gevalle was normaal met geen onderontwikkeling van die labia minora soos by baie van die gepubliseerde gevalle gevind is nie.

Die vagina het blind geëindig; by die een pasiënt direk agter die himen waar 'n kunsmatige vagina gemaak moes word, en by die ander met 'n 2-duim diepte. In albei gevalle was die himen aanwesig.

5. *Inwendige geslagsorgane.* Geen inwendige genitalia was teenwoordig nie. Die cervix was afwesig en die vagina het in elke geval blind geëindig. Laparotomie in die 2 pasiënte het volledige afwesigheid van die uterus en buise getoon. 'n Horisontale peritoneale vou tussen die rectum en die blaas, soos beskryf deur Goldberg en Maxwell, is nie by die gevalle gedemonstreer nie. Een geval het by laparotomie 'n intra-abdominale gonade getoon met hieraan 'n normaal voorkomende infundibulo-pelviese band en 'n ronde band wat tot die inwendige lieskanaal gestrek het. Reste van Mülleriaanse oorsprong is nie gevind soos by sommige gevalle beskryf is nie.

Primêre amenoree is altyd 'n kenmerk van testikulêre vervrouliking.

6. *Die gonades.* Die een pasiënt het albei gonades in die lieskanaal gehad, terwyl die ander pasiënt een gonade in die lieskanaal gehad het en die ander gonade intra-abdominaal in die normale posisie van die ovarium. Slegs die pasiënt met albei gonades in die lieskanale het meegaande breuke



Afb. 2. Hipertrofiese klitoris. Normale vulva en blindeindigende kort vagina.

getoon soos dikwels die geval hier is. Die inguinale gonades het pyn veroorsaak en moes verwyder word.

Die dikwels beskrewe tubulêre adenome is nie by hierdie gevalle gevind nie. Die histologiese voorkoms van die gonades was tipies; die gonades het hoofsaaklik bestaan uit onrype seminifereuse buise met interstisiële sel-hiperplasie. Die kapsel van kollagene weefsel was dik en die hele histologiese voorkoms was dié van onryp onafgedaalde testes (Afb. 3). Interessant was dat die intra-abdominale testis in die een geval veel meer interstisiële sel-hiperplasie getoon het as dié



Afb. 3. Histologiese voorkoms van die gonade met Leydig-sel-hiperplasie.

in die lieskanaal; dit mag dui op die rol van intra-abdominale hitte aangesien hierdie interstisiële sel-hiperplasie ook uitgesproke is by die onafgedaalde normale testis.

7. *Hormonale status.* (*a*) Estrogeen. Estrogeenbepalings is nie in die gevalle gedoen nie. Sitologiese ondersoek van vaginale uitstryk-preparate het in die jong pasiënte 'n estrogeen-effek getoon ook na kastrasie. Die estrogeniese aktiwiteit van die testes is egter aangetoon deur menopousale simptome in die pasiënte na kastrasie. Hierdie simptome het goed gereageer op estrogeen-toediening. Die ontwikkeling van die vroulike mammae in die gevalle is te danke aan die effek van estrogeen.

(*b*) Androgeen. Die 17-ketosteroïde was binne die normale perke in albei gevalle na kastrasie. Voor kastrasie is slegs een bepaling gedoen, maar Wilkens en sy medewerkers[11] kon by hulle gevalle die afskeiding van sowel androgeen as estrogeen van die testes aantoon.

Voor die operasie was die 17-ketosteroïde-uitskeiding per 24 uur in die een geval 15·1 mg. en na die operasie was dit 6·8 mg., in die ander geval was die 17-ketosteroïde na die operasie 5·2 mg. in 24 uur se urine.

(*c*) Gonadotropien. Die F.S.H.-waardes was na kastrasie verhoog bo 48 muiseenhede by albei pasiënte. Voor kastrasie is nie F.S.H.-bepalings uitgevoer in die gevalle nie, maar hoë waardes word ook hier gemeld in die literatuur, en Morris[1] voer aan dat die estrogene deur die testes gevorm, kwalitatief mag verskil van normaal gevormde estrogeen, en nie die hipofese rem nie. Prader het bevind dat die steroïde hormoonwaardes van die urine in sy gevalle, sowel as hul gonadale histologie, behalwe vir hoë estrogeenwaardes, nie te onderskei was van normale kriptorgidisme nie.

8. *Kastrasie.* Voor puberteit onderdruk kastrasie die ontwikkeling van die vroulike mammae, maar vermanliking kom nie voor nie en die persone bly vroulik. By die volwassene gee kastrasie aanleiding tot estrogeen-onttrekkingsverskynsels soos atrofie van die vaginale epiteel, warm gloede, verkleining van die mammae, verlaging van die urinêre estrogeen-gehalte en verhoging van die F.S.H.-waardes.

Van hierdie veranderinge was slegs die warm gloede uitgesproke by die 2 pasiënte. Vetsug het by een pasiënt voorgekom na kastrasie.

9. *Chromatienpatroon.* Die chromatienpatroon was manlik in albei gevalle.

Diagnose

Gevalle met estrogeen produserende testes verskil oënskynlik minder van geneties-normale vroue as van die ander intersekse. Baie gevalle van hierdie sindroom word waarskynlik verkeerdelik gediagnoseer as uterien-anomalië of ovaria in liesbreuke.

Waar hierdie anomalië vermoed word van die geskiedenis en 'n deeglike bekkenondersoek verrig word met bepaling van die chromatienstruktuur, hormoonbepalings en biopsie van die gonades, behoort die diagnose nie misgekyk te word nie.

In sommige gevalle mag die vervrouliking minder volledig wees met vergroting van die klitoris of gedeeltelike vereniging van die labia. Soms mag 'n urogenitale sinus bestaan wat verbind is met 'n vaginale sak, of die Mülleriaanse sisteem mag gedeeltelik ontwikkel wees en nie totaal ontbreek nie.

Met deeglike ondersoek kan hierdie gevalle egter ook korrek gediagnoseer word.

Behandeling

Herstel van testikulêre vervrouliking bestaan nie. Die pasiënte kom gewoonlik om advies weens steriliteit, primêre amenoree of liesgeswelle en breuke. Meestal word hulle dus eers na puberteit ondersoek.

Word die diagnose gemaak voor die puberteit vanweë 'n liesbreuk en die tipiese makroskopiese voorkoms van die testes, moet die gonades nie verwyder word nie. Die breuk moet herstel word met terugplasing van die gonade in die buikholte na inspeksie van die bekkenorgane en veral die ander gonade. Biopsies moet geneem word van die gonades om die diagnose te staaf.

